

Lampbrecht, B. PAUL EMMANUEL BY DIE STANDARD BANK GALERY in Beeld, Beeld,
Johannesburg, March 2003

Skoenpolitoer het hom in 'n nuwe rigting laat gly. Toe maak hy *Air on the Skin* en wen die eerste prys van R40 000 met die eerste Schumann Sasol WAM (Wax Art and Music)-kompetisie verlede jaar in Sasolburg. Die jaar tevore het hy uitgestaan op 'n groep-tentoonstelling by die Goodman Gallery van kunstenaars wat by die Artist's Press, by die Bag Factory in Fordsburg gewerk het.

Nou is Paul Emmanuel by die Standard Bank met al die meesterlike etse en litografieë wat ons al gesien het plus sy politoer-wen-stuk. Vir die was-kunskompetisie, kon enige werk wat enige vorm van was in die maakproses gehad het, ingeskryf word. Vir *Air on the Skin*, het die kunstenaar Fabriano papier met akrielverf bedek en dit toegeverf met 'n dun laag swart skoenpolitoer. Daaruit krap hy toe een van die vreemde surreële landskappe uit, wat aansluit by 'n vroeëre litografiese werk, *Vault of Breath*. Sy gereedskap? 'n Dun lemmetjie.

Jy kyk na die drieluik van swart en wit landskappe en jy wonder. Wat het politoer te doen met hierdie vreemde lap-voorwerpe wat in die wind wegwaai? Waarom die titel, 'lug op jou vel.' En hoe pas hulle in by die waterriffels van die Gariëpdam of die woestyngoel van die Karoo?

'n Speurtog met assosiasies begin, as jy jou laat meevoer juis deur die ongedefinieerdheid van die landskap. En in die paradoks van droog en nat verstrengel raak. Dieselfde teenstrydigheid van klere aan 'n draad en klere aan 'n lyf speel hom af in die ontwikkeling van die motief in die drie luik. In die linkerste luik herken jy die "wasgoed". Daarna vervaag die vorms in die tweede luik totdat dit in die derde 'n draaiende hemelligaam word. Van mens na voorwerp, meer presies, vreemde ruimte-voorwerp.

Jy mymer verder oor al die funksies van klere: beskerming; draer van status; verwysing na aktiwiteit; masker vir verskillende rolle.

"Klere is ook soos die vervellende buitevel van 'n insek of slang," help die kunstenaar. "Hulle kan ook los raak van die draad en weggegooi en vervang word. Hulle neem deel aan ons evolusie en transformasie," sê hy.

Net so het die politoer ook spesiale betekenis vir Emmanuel. Dit kaats lig en verander die aansyn van dinge soos skoene, sakke, gordels. Dit absorbeer ook lig. Hierdie eienskappe het Emmanuel ontgin om in die dofswart glimming diepte en 'n gevoel van misterie te suggereer. Soos wat gebeur as geografiese tekens beeld word van innerlike landskappe.

Die litografie, *Vault of Breath*, span die brug na die oorsprong van *Air on the Skin*. Inspirasie vir daardie werk is deur 'n droom ingegee. Toe vermeng dit met dieselfde gevoel wat Emmanuel gekry het toe hy 'n reeks foto's van die Gariëp Dam sien. "So verlate, anderwêrelds, bruin water wat soos sand lyk, die heuwelberge in die verte. Jy voel vry, soos 'n fluit wat in die wind speel, gevang, maar ook vry. Dis 'n hemelboog, onmeetlike ruimte..." Die woorde, onthou ek die onderhoud destyds, het gerol uit die kunstenaarshande en oë

toe hy die gevoel wat stukrag aan die werk gegee het, probeer 'vertaal'. Besoekers kan nou albei hierdie werke in die onderste klein lokaal sien en bemymer.